



WEAR CHECK[®] AFRICA

A member of the Set Point group

PINETOWN
TEL: (031) 700-5460
FAX: (031) 700-5471

JOHANNESBURG
TEL: (011) 392-6322
FAX: (011) 392-6340

OLIEMONSTERINDIENVORM – INDUSTRIËLE TOERUSTING



U maatskappy naam en –telefoonnummer (of naam/kode van depot)

Om die masjiennommer in die stelsel te identifiseer (sien Belangrike Punt 2 op ommesy)

Datum waarop monster geneem is (vir rekorddoeleindes). Hiermee kan monsters in chronologiese orde gestoor word en die tydsverloop totdat dit in die laboratorium kom kan gemonitor word (die analisedatum staan op die verslag)

BELANGRIK
Hoe lank was die olie in gebruik – in maande? (sien Belangrike Punt 4 op ommesy)

Omkring Ja /Nee as olie tydens monsterneming afgetap is (sien Belangrike Punt 5 op ommesy)

Lewer kort kommentaar of meld spesiale omstandighede wat 'n meer gedetailleerde en akkurer diagnose moontlik kan maak

Om masjinerie volgens spesifieke area of funksie te groepeer

Hierdie is belangrik, want 'n David Brown-ratkas gedra hom heel anders as 'n Hansen-transmissie

Die volle naam van die olie in hierdie komponent gebruik (sien Belangrike Punt 6 op ommesy)

ONTHOU
Hoe meer inligting u verskaf, hoe doeltreffender sal die diagnose wees.

MONSTER NOMMER		5 6 4 4 3 1 9 5 0	
Naam / telefoonnummer van kliënt			
U WEARCHECK-rekenaarkode			
Masjiennommer			
Tipe komponent (bv. ratkas, hid, kompressor)			
MONSTERBESONDERHEDE			
Monsterdatum			
Masjienure			
Gebruikstyd van olie			Maande
Is hierdie olie afgetap? (Merk toepaslike blokkie)	JA	NEE	
Is die oliefilters vervang? (indien van toepassing)	JA	NEE	
Monsterneemetode	Aftap Suigpomp Monsterklep Ander		
Opmerkings of spesiale omstandighede:			
GEKLEURDE DELE – INDIEN NUUT OF VERANDERDE BESONDERHEDE			
Departement of aanleg			
Beskrywing van masjien (bv. vervoerband 1 ratkas)			
Fabrikaat van komponent			
Modelnr			
Naam, tipe, graad van olie (bv. Engen Gengear 320)			
Oliekapasiteit	Liter		
KOMPONENTTIPE			
Hidrolies	Hersirkulerend	Laer	Turbine
Ratkas	Wurmratkas	Planeetratkas	
Kompressor:			
Verkoeling	Lugreëling	Lug	Ander gas
Resip	Skroef	Sentrifugaal	Lem
Ander:			

Elke monster het 'n unieke sewe-syfer nommer gevolg deur twee kontrolesyfers. Dit is belangrik om te sorg dat hierdie nommer en die bottelnommer ooreenstem.

Dit is **BELANGRIK** dat u die nommer byderhand het wanneer u navraag oor 'n monster doen. Dis bykans onmoontlik om resultate daarsonder te vind

U WEARCHECK-rekenaarkode van 6 karakters identifiseer wie u is en koppel u kontakbesonderhede aan hierdie monster (sien Belangrike Punt 1 op ommesy)

Om die toerusting wat bemonster is en die algemene tipe toerusting te identifiseer, wat op sy beurt bepaal watter toetse op die monster gedoen sal word

Totale masjienure of diensmeterlesing (sien Belangrike Punt 3 op ommesy)

Omkring Ja /Nee as filters vervang is toe die monster geneem is

Die verskillende metodes kan verskillende resultate oplewer

SLEGS wanneer 'n komponent vir die eerste keer geregistreer word of die besonderhede verander het

Wat die komponent is en watter funksie dit verrig, bv. instrument lugkompressor

Die oliekapasiteit verskaf nuttige inligting wat die diagnose kan beïnvloed (sien Belangrike Punt 7 op ommesy)

LET WEL:
AS ALLE RELEVANTE INLIGTING NIE SAAM MET DIE MONSTER VERSKAF WORD NIE, SAL 'N ONTLEDING GEDOEN WORD, MAAR GEEN BETROUBARE DIAGNOSE KAN VERSTREK WORD NIE
NAME VAN MASJIENE/KOMPONENTE MOET KONSEKVENT GEBUIK WORD OM DATABASISKOMPLIKASIES TE VOORKOM
WEARCHECK AFRICA IS 'N ISO 9001- EN ISO 14001-GEREGISTREERDE MAATSKAPPY
KWALITEITVORM ds53/ HERSIENINGSDATUM: DESEMBER 2007

BELANGRIKE PUNTE

NUTTIGE HULPMIDDELS VIR MONSTERNEMING



1. Rekenaarkode

U WearCheck-rekenaarkode (kliëntkode) identifiseer wie u is, u adres, telefoonnommer, wie watter verslae ontvang ens. Dit vereenvoudig en outomatiseer die hele verslagdoeningsproses. As daar meer as een kode by 'n gegewe terrein is, is dit belangrik om die kode in te vul omdat dit sal bepaal wie die verslag sal kry.

2. Masjiennommer

Die masjiennommer (of reeks-/registrasienommer) word gebruik om u toerusting uniek in die stelsel te identifiseer asook verwante inligting soos die fabrikaat en model en die olienaam, -tipe en -graad wat gebruik is. As u 'n eenheid POMP-AANDRYWING-1 noem, en daarna POMP-RATKAS1, dan sal die inligting wat aan POMP-AANDRYWING-1 gekoppel is, nie met die masjiennommer POMP-RATKAS1 in verband gebring word nie.

3. Masjienure

Die diensmeterlesing gee WearCheck 'n idee hoe oud die masjien is (in ure), hoewel ons besef dat die meeste industriële toerusting geen uurmeter het nie. Nuwe masjinerie toon hoër lesings as normaal terwyl hulle inloop. Kennis van die masjien se ouderdom sal die diagnose beïnvloed, omdat dit sal help om te onderskei tussen abnormale slytasie en slytasie wat aanvaarbaar is vir 'n masjien wat nog inloop.

4. Gebruikstyd van olie

Dit is waarskynlik die belangrikste stukkie inligting wat vereis word. As die olie twee keer so lank gebruik is as die vorige monster, dan word daar twee keer so veel besoedeling en slytasie in die monster verwag.

5. Is die olie afgetap?

Of die olie en filters vervang is al dan nie moet aangeteken word. Dit sal die diagnose beïnvloed as die olie vanweë besoedeling vervang moet word. As die olie vervang is toe die monster geneem is, sou dit onnodig wees om dit weer te vervang.

6. Olienaam, -tipe en -graad

Dit is belangrik omdat as die olienaam, -tipe en -graad anders is as verwag, daar dalk 'n onderhoudsprobleem kan wees. Dis ook baie makliker om vas te stel wat 'n olie nie is nie as om 'n onbekende produk te identifiseer, aangesien talle produkte baie eenders is – veral industriële smeermiddels.

7. Oliekapasiteit

Die oliekapasiteit verskaf nuttige inligting wat die diagnose kan beïnvloed. As 'n klein oliebak van sê 20 liter met stof besoedel is, is dit geen probleem om die stelsel te dreineer en uit te spoel nie. As dit egter 'n hidrouliese stelsel van 2000 liter is, sou dit goedkoper wees om die olie te probeer filtreer of te suiwer



Swaardiens
oliemonsterpomp

Produkkode: WISPG

Toepassing:

Hierdie stewige metaalpom is spesifiek ontwerp om oliemonsters deur 'n enjin se peilstok opening of uit enige ander kompartement te trek.

Beskrywing:

Dit word gelewer met 'n spoelbottel en harde nylonbuis om monsters uit enige kompartement te trek (8mm buis).



Hoëdruk
bemonsteringsklep

Produkkodes: WVEM, WVEB of WVG

Toepassing:

Hierdie klep maak dit maklik om monsters uit hoëdrukstelsels te neem.

Beskrywing:

Dit word as 'n aparte eenheid gelewer en kan saam met die hoëdruk bemonsteringsklep koppelstuk hieronder gebruik word (besonderhede op aanvraag).



Koppelstuk vir hoëdruk
bemonsteringsklep

Produkkode: WVCG

Toepassing:

Hierdie kitskoppelstuk maak dit moontlik om monsters uit hoëdrukstelsels te neem.

Beskrywing:

Dit word as 'n aparte eenheid gelewer en kan saam met die hoëdruk bemonsteringsklep hierbo gebruik word (besonderhede op aanvraag).



THE LEADER IN OIL AND FUEL ANALYSIS

KWAZULU-NATAL
9 LE MANS PLACE
WESTMEAD, PINETOWN, RSA
PO BOX 15108, WESTMEAD 3608
TEL: +27 31 700 5460
FAX: +27 31 700 5471
support@wearcheck.co.za
www.wearcheck.co.za

GAUTENG
25 SAN CROY OFFICE PARK
DIE AGORA STREET, CROYDON RSA
PO BOX 284, ISANDO 1600
TEL: +27 11 392 6322
FAX: +27 11 392 6340
jhbsupport@wearcheck.co.za
www.wearcheck.co.za

Hoe om 'n



Industriële Indienvorm te voltooi

Die algemeenste rede waarom 'n olie-analiseprogram nie effektief is nie, is foutiewe of ontbrekende inligting wat met die monster saamgestuur word. Dit is van kernbelang dat die indienvorm so volledig en so akkuraat as moontlik ingevul word. Hierdie dokument gee 'n aanduiding van wat op die indienvorm benodig word en wat verkeerd kan gaan as die inligting ontbreek of verkeerd is.